

## EIENSKAPPE VAN 'N GODVRUGTIGE LEWE ...

Die Griekse woord wat in die Bybel (Septuaginta en Nuwe Testament) gebruik word vir Godsvrug, is *eusebeia*. Die woord beteken iets soos: die regte eerbied hê, godvresend of godsalig te wees. Die woord word gewoonlik gebruik om die lewenshouding van gelowige mense teenoor God en teenoor hulle medemense te beskryf. Die woord word normaalweg vertaal as *vroom*. In die Bybel word dit soms vertaal met *Godsvrug*.

Ons is veronderstel om almal vroom of Godvrugtig te wees en so te lewe! Die heel eerste en belangrikste eienskap van Godsvrug is dat slegs iemand wat God ken, sal verstaan hoe hy in sy lewe van elke dag die beeld van God moet uitlewe. Ons is elke sekonde in God se teenwoordigheid, wat ons ookal doen en waar ons ook al is. As mens dit besef, dan moet dit jou lewe verander.

Die Bybel praat 'n hele paar keer van Godsvrug of vroomheid. Die dinge wat elke keer gekoppel word aan die woord Godsvrug of vroomheid, gee 'n baie mooi inhoud van hoe iemand wat Godvrugtig lewe, se doen en late na ander mense (en na God) toe oorkom.

So lees ons in Handeling 22:12 dat Ananiás 'n man was wat vroom gelewe het. Die Bybel verklaar dadelik wat met vroom bedoel word: die man het volgens die wet gelewe. Hy het dus alles gehoorsaam gedoen wat die Here van hom verwag het. Die Bybel voeg dan iets bitterlik belangriks by: Ananiás het goeie naam gehad by al die Jode wat daar woon. Presies dieselfde beginsels rondom Godsvrug lees ons ook in Job se geskiedenis: *Is jou Godsvrees nie jou hoop, jou vrome wandel nie jou verwagting nie? (Job 4:6)*

Heidene doen baie keer dinge wat vir die Here en sy heiligheid net totaal onaanvaarbaar is. Wanneer 'n heiden tot bekering kom, moet sy lewe verander, sodat dit Godvrugtig kan wees. Dominee Titus (2:12) wat die dominee op Kreta was, het daarom opdrag gekry om sy lidmate te leer dat hulle die goddeloosheid en wêreldse begeerlikhede moet verloën, ingetoë en regverdig en vroom in die teenwoordige wêreld moes lewe. Dis presies wat Godsvrug is - en presies wat van ons ook verwag word dat ons Godsvrug aan almal rondom ons sigbaar moet wees.

Die apostel Paulus het eenkeer vir Timoteus geskryf dat hy moet ophou om hom aan ouroustories te steur. Hy moes hom oefen in die godsaligheid (1 Timoteus 4:7). Godsvrug kom dus nie vanself nie! Dit vra sweet: Oefen jou daarin!

Later het dominee Timoteus weer 'n brief gekry waarin daar 'n duidelike beskrywing was van mense in wie se lewens Godsvrug (vroomheid) ontbreek. Luister na 2 Timoteus 3:2-5 *Want die mense sal liefhebbers van hulleself wees, geldgieriges, grootpratens, trotsaards, lasteraars, ongehoorsaam aan hulle ouers, ondankbaar, onheilig, sonder natuurlike liefde, onversoenlik, kwaadsprekers, bandeloos, wreed, sonder liefde vir die goeie, verraaiers, roekeloos, verwaand, meer liefhebbers van genot as liefhebbers van God; mense wat 'n gedaante van godsaligheid het, maar die krag daarvan verloën het. Keer jou ook van hierdie mense af.*

Die apostel Petrus het ook 'n lys gemaak van dinge wat in iemand wat vroom is se lewe voorkom. Hy noem dit Godsvrug. Dis dinge soos: die kennis, die selfbeheersing, en by die selfbeheersing die lydsaamheid, en by die lydsaamheid die Godsvrug (2 Petrus 1:6) en by die Godsvrug die broederliefde, en by die broederliefde die naasteliefde (2 Petrus 1:7).

Iemand wat op die kerk se lidmaatregister staan, is nie noodwendig 'n vroom mens nie! Al sit jy Sondag in die kerk, maar deur die lewe vloek en drink jy en jy vang oneerlike dinge aan - het jou lewe nie Godsvrug nie. Sulke mense se hiernamaalse lewe gaan ook by 'n snaakse adres uitloop. Ons kry hierdie lewe wat gebrek vertoon van Godsvrug mooi beskryf in die Bybel in Job 15:4-6 *Ja, jy breek die Godsvrees af en verstoer die stille oordenking voor die aangesig van God. Want jou ongeregtigheid gee onderrig aan jou mond, en jy kies die taal van die listiges. Jou eie mond veroordeel jou, en nie ek nie; ja, jou eie lippe getuig teen jou.*

Almal van ons wat Godvrugtig lewe, weet mos dat dit na buite bitter gaan met iemand wat op hierdie styl lewe. Ek het dit die afgelope tyd meegemaak dat twee ouderlinge hulle werk verloor het as gevolg van hulle Christelike geloof en die uitlewing van hulle beginsels - hulle Godvrugtige lewensstyl het hulle hulle werk gekos. Hulle is afbetaal omdat hulle nie "in die sisteem inpas" nie!

Ons samelewing het dus al ver gevorder na die onreg toe waarteen die Here waarsku dat dit naby aan die wederkoms die styl van die wêreld sal wees. Die Here leer dat die owerheid juis moet sorg dat dit moontlik is vir die ware gelowiges om Godvrugtig te kan lewe. Lees maar net 1 Timoteus 2:2: *...vir konings en almal wat hooggeplaas is, sodat ons 'n rustige en stil lewe kan lei in alle Godsvrug en waardigheid.*

Is dit vreemd? Nee, dit was maar van altyd af so dat die donker magte hulle mes in het vir ons wat God ken. Die Here openbaar dat daar lank terug twee vergaderings in die hemel was. Al twee het oor 'n man gegaan wat vroom was. Sy Godsvrug was wyd bekend. Daarom het dit die duiwel diep gepes! Ons lees in Job 2:3: *En die HERE vra vir die Satan: Het jy ag gegee op my kneg Job? Want daar is niemand op die aarde soos hy nie: 'n man vroom en opreg, godvresend en wat afwyk van die kwaad; en hy volhard nog in sy vroomheid, alhoewel jy My teen hom opgehits het om hom te vernietig sonder oorsaak.*

Die man se arme vrou het die dieper dinge van geloof ook nie verstaan nie. Daarom was daar nog groter druk op hom, want sy het haar iewers oor haar man se vroomheid vererg en haar man aangeraai om God te vloek en dood te gaan (Job 2:9). Dit dui tog op 'n baie woeste huweliksgeveg wat hierop uitgeloop het!

Ons kan Godsvrug ken en verstaan deur die Bybel te bestudeer en daaruit te leer. Dan sal ons Godvrugtig lewe, maar ons doen dit jammer genoeg met val en opstaan en dis nie altyd maklik nie. Gelukkig kan ons en moet ons bid vir die krag van die Heilige Gees om vol te hou en weerstand te kan bied teen die aanslae van die duiwel! Die Heilige Gees sal ons help daarmee. Die Here bemoedig ons deur Petrus se pen dat dit is wat die Here Jesus Christus vir ons gee deur sy Goddelike krag: Immers, sy goddelike krag het ons alles geskenk wat tot die lewe en Godsvrug dien, deur die kennis van Hom wat ons geroep het deur sy heerlikheid en deug (2 Petrus 1:3).

Thinus du Plessis  
4 November 2011.